# KAI!GARIB MUNISIPALITEIT

# MEMORANDUM

**DATUM :** 24 MAART 2020

**I.S.:** COVID - 19 / CORONA VIRUS

**AAN: DIE GEMEENSKAPPE , BELASTINGBETALERS, BELANGEGROEPE, GEMEENSKAPORGANISASIES ENS.**

Die PRESIDENT ( Agbare Cyril Ramaphoza ) van Suid Afrika het op 15 Maart 2020 verklaar dat die Covid -19 virus 'n virus is wat wereldwyd versprei en kan lei tot lewensverliese Die PRESIDENT het dus 'n noodtoestand afgekondig waar sekere ingrepe op die normale funksionering van grondwetlike demokrasie plaasvind. Die PRESIDENT het dus op die 23 MAART 2020 die pandemie tot 'n Nasionale Ramp verklaar en buitengewone maatreëls vir die bekamping daarvan aangekondig

Die PRESIDENT het 'n landswye Lockdown vanaf 26 Maart 2020 om 23:56 tot 16 April 2020 ingestel om die COVID 19 virus te beheer en te bestuur, in 'n poging om die verspreiding van die gevreesde virus hok te slaan in Suid Afrika;

Suid Afrikaners sal vir 21 dae tuis bly om die verspreiding van die Corona virus te rem en 'n afplatting in die oordrag van COVID 19 te bewerkstellig;

Die 21 dae lange Lockdown sal ingevolge die gewysigde Rampbestuurswet toegepas word, op Sakelui, Openbare dienste, Plaaslike owerhede, ens

Gesondheidswerkers, nooddienswerkers , sekuriteits, weermag en polisie en verkeer betrokke by die bekamping van pandemie sal daarvan uitgesluit wees;

Alle winkels sal gesluit wees en slegs oop is vir kruideniersware, apteke, en noodsaaklike bankdienste, dienlewering van water, elektrisiteit en telekommunikasiedienste;

Mense mag nie hulle huise verlaat nie, behalwe om mediese sorg te kry en medisyne te koop of maatskaplike toelaes te ontvang;

Kai ! Garib Munisipaliteit sal die nodige maatreëls in plek plaas om die verspreiding van die virus te beveg in ons gemeenskappe;

**Onderstaande maatreëls sal toepas word ten op sigte van Munisipale dienste en prosesse.**

**Munisipale Dienslewering :**

Die Munisipaliteit se kantore, verkeerskantore , gemeenskapsale, sport fasiliteite, openbare swembaddens , stortingstereine sal gesluit word.

**Noodsaaklike dienste sal voortgaan en gelewer word binne die beperkings soos uitgereik deur die PRESIDENT in lyn met WETGEWING en REGULASIES soos geproklameer**

1. ***Noodsaaklike Dienste kan gekontak word op 'n 24uur basis by 054 461 6700 en whatsapp nommer 079 873 3767.***
2. ***Elektrisiteits dienste sal operasioneel wees tydens die periode om aandag te gee aan instandhouding dienste***
3. ***Water en Sanitasie dienste sal operasioneel wees tydens die periode .***
4. ***Gemeenskap ondersteuningsdienste( Watervoorsiening)***
5. ***Vaste Afval sal verwyder word soos normaal***
6. ***Verkeer sal voortgaan om hulle werk te doen behalwe vir bestuurslisensies, uitpasserings, hernuwing van lisensies en motorregistrasise***
7. ***Brandbestryding in die vorm van Rampbestuur sal normaal funksioneer***
8. ***Betalng van Munisipale Dienste rekenings sal voortgaan soos normaal vanaf 9:00 tot 13:00 middag.***
9. ***Die Publiek moet verseker dat hulle nog steeds hulle diensterekenings moet betaal***
10. ***Geen meterlesings sal gedoen word nie , die faktuur sal gebaseer wees op 'n skating van verbruik***
11. ***Voorafbetaalde elektrisiteit en voorafbetaalde water kan gekoop word by die verkooppunte ( Spar , Witwinkel , Oranje Sig Hostel*** **en Langverwag punt)**
12. ***Waterverkope by klein dorpies (Marchand, Augrabies, Alheit, Lutzburg en Lennertsville betaalkantoor) gaan voort soos normal vanaf Maandag tot Vrydag 9:00- 13:00 middag;***
13. ***Kai !Garib Munisipaliteit se goedgekeurde maatreëls om COVID – 19 te bekamp sal op die Website van die munisipaliteit geplaas word***

Elkeen in die gemeenskappe moet hulle deel doen om voorsorgmaatreëls in plek te plaas en ook goeie higiene beginsels te volg om die verspreiding van COVID – 19 te verminder

Wees veilig en bly by u huis verlaat u huis net vir voedsel, medisyne en mediese ondersteuning wanneer dit nodig is .

Die uwe

Die Munisipale Bestuurder

Mnr De Waal: ..............................